



tuiste. trots. toekoms.



INTERNASIONALE AFRIKAANS-EKSPLO

vir skoolleerders en studente

jou erfenis!

INTERNASIONALE AFRIKAANS-EKSPLO 2018



R

RESENSIE

1. VOORSKRIFTE

1.1 Algemene voorskrifte:

- 'n Leerder/student mag in **een of meer** kategorieë deelneem.
- 'n Leerder skryf in volgens **skoolgraad**, dit wil sê óf in die laerskoolafdeling (graad 6-7), die junior afdeling (graad 8-9) óf in die senior afdeling (graad 10-12). Studente moet aandui watter jaar hulle is, eerste jaar, tweede jaar, derde jaar, vierde jaar of nagraads.
- **NB! NB! Dieselfde inskrywings mag NIE meer as een keer (jaar na jaar) vir die Internasionale Afrikaans-Ekspo ingeskryf word NIE.** Dit moet werk wees wat hierdie jaar gedoen is.
- **Alle inskrywings moet die leerder/student se eie, selfstandige, unieke en nuwe werk wees.**
- **LET WEL!** Die beoordelaars se beslissings is **finaleal**. *Geen telefoniese of skriftelike kommunikasie sal gevoer word nie. Geen inmenging deur ouers of onderwysers mag ten opsigte van beoordeling plaasvind nie.*

1.2 Voorskrifte vir die hantering van 'n inskrywing:

- Die inskrywings moet **getik** wees, met die volgende vereistes:
 - **Font: Calibri**
 - **Lettergrootte: 12**
 - **Spasiëring: 1½**
 - **Kantlyne: 20 mm rondom**
- Die **aanlyn** inskrywingsvorm moet **volledig ingevul** word.
- Heg die koerantberig in **pdf-, jpeg- of word-formaat** aan.
- Indien meer as een inskrywing vir hierdie kategorie ingeskryf word (bv. een leerder wat 2 resensies skryf), moet elke inskrywing apart aanlyn ingestuur word.

1.3 Spesifieke voorskrifte:

Graad 6

- Vir leerders met Afrikaans Huistaal of Afrikaans Eerste Addisionele Taal op skool.
- **Vir Afrikaans Huistaal:**
 - **100 en 180 woorde vir graad 6 tot 9**
 - **180 en 200 woorde vir graad 10 tot 12 en studente**
- **Vir Afrikaans Eerste Addisionele Taal:**
 - **80 en 120 woorde vir graad 6 tot 9**
 - **120 en 150 woorde graad 10 tot 12 en studente**
- Voorsien die resensie van 'n treffende **titel**.
- Skryf die **getal woorde** van die resensie onderaan die inskrywing.

jou erfenis!



2

2. WENKE

- Word 'n boekwurm! Hoe meer boeke jy lees, hoe makliker sal dit vir jou word om boekresensies te skryf. Vra jou vriende watter lekker boeke hulle onlangs gelees het, of maak 'n draai in die biblioteek of 'n boekwinkel en soek boeke oor dinge waarin jy regtig belang stel. Dis lekkerder om oor 'n boek te skryf waarvan jy gehou het!
- Moenie 'n resensie probeer skryf oor 'n boek wat jy nie gelees het nie of 'n flik wat jy nie gesien het nie of 'n CD waarna jy nie geluister het nie. Jy gaan beslis uitgevang word.
- Besoek www.fak.org.za/ink vir voorbeelde van resensies.

3. OPDRAG

Skryf 'n resensie oor enige Afrikaanse boek, Afrikaanse film of Afrikaanse CD wat jy onlangs gesien, geluister of nagekyk het.

Beoordeling vir die resensie sal na aanleiding van die volgende gedoen word:

Inhoud ____/20	<ul style="list-style-type: none">• Is daar 'n duidelike tema?• Is die resensie onderwerpgerig?• Is genoegsame agtergrond ingewin?• Word die inhoud logies opgebou, m.a.w. het dit 'n inleiding en slot?
Tegniese versorging ____/20	<ul style="list-style-type: none">• Is die formaat van die resensie reg?• Is die resensie goed gestruktureer?• Is die teks taalversorg?• Is goeie Afrikaans gebruik?• Is die titel treffend?
Geheelindruk ____/10	<ul style="list-style-type: none">• Toon die leerder helder denke?• Is daar 'n duidelike boodskap?• Is dit 'n geslaagde aanbieding?• Is die onderwerp effektief? Sal dit aandag trek?• Gee die leerder 'n duidelike beoordelende mening?
Totaal uit 50